STABILIS

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary

JAARGANG / VOLUME 46 · NO 4

Desember / December 2012

Beste skoolkoerant in Suid-Afrika in 2011 · Best school newspaper in South Africa in 2011



# 'For auld lang syne, my friend'

## Johan Volsteedt retires after 40 years as principal of the most venerable school in the country

Mr Volsteedt exits Reunie Hall after his last assembly. Photo: Johann Sonnekus

On 17 October 2012 the class of 2012 bade farewell to friends, teachers and other Grey College staff. This year's valedictory service was particularly poignant due to the fact that it was the last valedictory service for mr Johan Volsteedt in his capacity as headmaster at Grey College. As an ongoing Grey College tradition the prefects, school captain and his deputies were announced. During the valedictory service, grade 11 learner Naledi Mohapi delivered a speech on behalf of the grade 11s and Christiaan Gouws, Dux learner for 2012 represented the matrices of 2012 with his words of appreciation and encouragement. The new prefects for 2013 were then announced, followed by the procession of matrics across the stage accompanied, as always, by Auld Lang Syne. They were symbolicallyaccepted as old-Greys when, for the first and last time, they walked through under the Old Bell arch.

On 18 October 2012 Grey College's annual prize-giving ceremony took place. The ceremony once again delivered an impressive crop of achievers who were rewarded for their exceptional performances. Mr Fredericks addressed the audience and awards were presented by ms Fredericks, mother of grade 12 learner Faiq Fredericks.


**- Moeletsi Molemela**

Nuus bl 2



Geliefde Grobbies groet kollegas en skool na baie jare se toewyding

Kultuur bl 5



Senior Boere-orkes laat gehore internasionaal se voete jeuk

Diepte bl 7



SKA is 'n nodige ekonomiese en onwikkelings-inspuiting vir SA

Sport page 11



Jong tennisspan is gerat om die top-skole aan te vat op die baan




Mr Price Sport is a proud supporter of Grey Rugby

## SHORT NEWS

### Grey boy rocks Bloem Idols competition

On 10 November, grade 11 learner Joseph Barreto took part in the final round of the Bloemfontein Idols competition held at the Bloemfontein show grounds. True to expectations, Joseph won the contest. He says that this was the culmination of 3 months of hard work, dedication and passion.

Joseph first entered the competition when he was only 14 years old and he then came second. This year he was approached by the organisers of Bloemfontein Idols to enter and he was eventually chosen as one of 13 semi-finalists. His competition song was one of Daughtry's ballads, '*Home*'.

The three background singers for all contestants were Nico Prinsloo, Hederick Prinsloo and Arno de Wet, all Grey boys and no, they say they did not make any extra effort during Joseph's performance.

Joseph's prizes include R2000 cash as well as a one-year contract with local *Passi* magazine, which will run an article on him in the February edition.

**- Vuyani Ndzishe**

## IMPORTANT DATES

**4-18 December:**
Indomitus tour to Europe
**3-8 December:** Grey/Absa Academy
**28 November:**
School closes for learners
**7 December:**
School closes for teachers
**7 December:** Reports fetched from school until 9:00
**8 January 2013:**
Teachers report to school
**9 January 2013:** School reopens

# Oom Grobbies groet Grey

## Die einde van 'n era in Grey se geskiedenis breek aan



Twee steunpilare deel 'n emosionele oomblik. **Foto: Johann Sonnekus**

Die einde 2012 beteken die einde van 'n baie spesiale tydperk in die geskiedenis van Grey Kollege. Nie net groet ons mnr Johan Volsteedt nie, maar ons moet ook afskeid neem van mnr Johan Grobbelaar.

Johan Grobbelaar is op 21 November 1956 in Bloemfontein gebore en hy het sy skoolloopbaan aan Grey Kollege begin en voltooi. Op skool was hy dol oor rugby, maar het veral op die atletiekbaan as stapper uitgeblink. Met uitsondering van sy studiejare en militêre diensplig, was Grey nog altyd deel van sy bestaan.

'n Enkelbesering het die einde van sy Kovsie-sportloopbaan beteken, maar was ook die begin van sy belangstelling in sport-administrasie. In die weermag het hy hom as sport-offisier, rugby-keurder en sport-organiseerder onderskei. In 1984 word hy aangestel as onderwyser by Grey in ekonomie, liggaamlike opvoeding en bedryfsekonomie. In 1992 aanvaar hy 'n aanstelling in die department van sport.

Sy passie om met leerlinge te werk en sy liefde vir onderwys en sport kon egter nie geblus word nie, en sedert 1999 is hy sport-administrateur by Grey.

Mnr. Grobbelaar sê: "Ek is hartseer om die skool te verlaat, maar dit is nou tyd vir ander lewenservaringe en om die werk vir die jonger geslag te los." Hy ondersoek tans die moontlikhede van 'n nuwe beroep met nuwe uitdagings.

Mnr JR Prins gaan die leisels by mnr Grobbelaar oorneem. Sy raad aan mnr Prins is: "Wees pligsgetrou, toegewyd en hard-werkend in die pos wat jy gaan beklee. Grey Kollege verdien jou alles of niks."

Hy groet die Grey manne met die woorde: "Wees altyd 'n Grey 'Gentleman' na wie almal kan opsien. Wees nederig en julle sal suksesvol wees."

Getrou aan sy menswees het mnr Grobbelaar 'n ieder en 'n elk altyd in nederigheid met waardigheid en respek hanteer, en só sal ons mnr Grobbies onthou.

**- Luan Nel**

# Grey College birthday specials contribute to day's festivities

Grey College is the oldest school north of the Gariep River and third oldest in South Africa.The school was officially opened on 17 January 1859.

The school dedicates one annual day to celebrate its birthday on 13 October. The day starts off with a formal assembly attended by old-Grey "boys". From the speeches delivered by these alumni it is clear that their passion for the school is part of their lives; old-Greys come from all over the world to visit the school on its birthday. This year saw old-Greys who travelled from as far as Iceland and Israel to attend their school year's reunion. Once the formal assembly is over, the fun really begins in the Past versus Present matches where the old-Greys take on the hockey, cricket, soccer, rugby and chess teams. The current second hockey team beat the old boys, but the old boys fought back to beat the first team.

The school boys then run the traditional "mile" and are rewarded with a doughnut and a Coke, which many current and old-Grey boys still believe to be the highlight of the day. Willem de Kock, a gr 8 learner, said that the best thing about the day was the Past versus Present games because he could see if the current teams can hold their own against the previous teams.

It's an extremely festive day free from "regular school", so it should be a highlight on any Grey boy's to-do list – after all, if it weren't for our founder, where would we be today?

**- Charl Theron**

# Swartwoudkoek, Oktoberfest en sneeu

Die Grey-Witteberg toer na Duitsland is 'n opvoedkundige toer vir graad 10 en 11 leerders wat Duits as vak neem. Die toer word gewoonlik elke twee jaar gehou. Hierdie jaar se toer was vanaf 21 September 2012 tot 9 Oktober 2012.

23 Leerders van Grey Kollege, een leerling elk van Oranje- en Eunice meisieskole en 17 leerders van Hoërskool Witteberg in Bethlehem het van OR Tambo gevlieg via Dubai, na Frankfurt.

Vier personeellede, me Sannette Greyvenstein en me Martie Fourie (Duits onderwyseresse), me Marli Zietsman (Duits onderwyseres by Witteberg), en ook me Steffné Spies (Wiskunde onderwyseres) het die toer meegemaak. Die groep het meestal in jeugherberge oorgeslaap, maar in München is daar vir twee nagte by gasgesinne gebly.

Van al die hoogtepunte was die Grey-manne se beste tye was in München tydens die Oktoberfest. Ander hoogtepunte was die Allianz Arena,die pragtige Königsee, die Mercedes-museum asook die Volkfest in Stuttgart. Berlyn het beïndruk met al sy besienswaardighede soos die Brandenburger Tor, die Reichstag en die Siegesäule. Die Neuschwanstein kasteel is as die mees indrukwekkende kasteel beskou. Die Rheinvalle in Switserland en die stad Salzburg in Oostenryk is ook tydens die toer besoek.

Stefan Spamer in graad 11, meen: "Die toer sou nie so 'n groot sukses gewees het sonder die busdrywer, Armin Huwer nie." Sy humorsin en vriendelikheid is onvergeetlik. Me Spies het in Salzburg by die toergroep aangesluit.

Sy het tydens die toer verjaar en as viering, het die groep swartwoudkoek in Titisee, in die Swartwoud geëet. Op die hoogste punt van die Alpe bergreeks in Duitsland, die Zugspitze, het toerlede mekaar met sneeuballe gegooi en hulle verkyk aan die uitsig.

Me Greyvenstein sê: "Die hoofdoel van die toer is om dit te geniet, om te leer van 'n ander kultuur, dit te waardeer en om met meer selfvertroue Duits te praat". Sy sê haar hoogtepunt was elke keer wanneer sy gehoor het hoe die seuns met die Duitsers Duits praat.


**- Daniël Steenkamp**




Deutschland über alles. **Foto: Marchant Pienaar**

Supporter of Grey College
FNB
First National Bank
Proudly South African

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd
Supports Grey College Sport




Coca-Cola Fortune

## LATE NEWS

### Move towards safer domestic energy

Vuyani Ndzishe in grade 11 participated in the annual Eskom Science expo during 16-18 August 2012, at the University of the Free State. The science expo is a convention where students are given an opportunity to explore innovative ideas, and learners' interest in science, maths and technology is encouraged.

His project involved extracting ethanol (alcohol) from waste products and then testing whether ethanol would be able to replace paraffin. The idea arose during a family conversation about women in a Bloemfontein township, who had died from acute bronchitis caused by paraffin.

This ultimately fuelled his fascination with the unique benefits ethanol has, and his science project is a dedication to the women who died, and their families.

"I did not expect that this project would go this far because it was expensive and consumed a lot of time that I could have invested in my school work," he said. Vuyani collected most of the awards - best boy project, best energy project, best energy efficiency and a bursary to enrol at the University of the Free State.

**- Vuyani Ndizhe**

# Vaarwel aan Vollies - steeds die man van die uur na 40 jaar by Grey

## Amper-gewyde atmosfeer heers tydens hartseer laaste saalbyeenkoms



Klok groet saam met matrieks van 2012: 'n hoof van baie jare. **Foto: Henry Galloway**

Mnr Johan Volsteedt se laaste saalbyeenkoms is Maandag, 5 November gehou, waar hy finaal van die skool afskeid geneem het; die einde van 'n era.

Indomitus het vir Vollies *The man of the hour* gesing en AJ Brits, skoolkaptein vir 2013, het hom namens die skool bedank en gegroet. 'n Spesiale lied, geskryf en getoonset deur oud-Grey Willem Oosthuysen is deur die Ensemble, Joseph Barreto en Naledi Mohapi uitgevoer.

Die man van die uur het toe sy gedagtes met die skool gedeel: "Grey is 'n skool waar 'gewone' seuns aanvaar word en wanneer die seuns uit die skool is en jong mans word, sal hulle terugkom na hul alma mater, want die skool gee en doen iets aan elke seun." Hy het klem gelê daarop dat "each boy is unique, none of us is perfect."

Mnr Volsteedt het toe vir oulaas by die seuns aangesluit om die"Grey War Cry" te gee. Hierdie merkwaardige man sal altyd deur die Grey-familie onthou word as "the living legend".

**- Johan Griessel**

# Steady increases in learner numbers necessitate building expansion

There are plans in the offing to implement a building project in 2013 on the Grey premises. This includes the building of new classrooms, the expansion of the museum and the inclusion of additional offices.

The number of Grey learners is continually increasing, and most classrooms are already too small to accommodate up to 45 pupils, as is currently the case. The plan is to renovate the T-Block, turning it into a double-storey building with three large classrooms on each floor. The idea is to divide the three classrooms with large glass sliding doors, so that when opened up it can serve as an auditorium, seating approximately 140 pupils.

The plans also include additional offices near the Grey Get Together coffee shop. The coffee shop's sitting area, which is surrounded by glass, would be walled in and the offices built in an L-shape around the museum. These additions are part of long-term planning, and will go far in alleviating often less-than-ideal teaching conditions.

The museum and Grey Together are also involved in the renovations; the museum itself requires extension as donations and artifacts are continually being received. As Mr Volsteedt says: "The museum may be full, but history has not stopped."

**- Jedd Campbell**

## Trauma oorlewende bring sterk boodskap van hoop

Jessica Foord (25), stigter van die Jes Foord Foundation het op Woensdag 10 Oktober die Greyseuns tydens 'n saalperiode besoek. Die dapper vrou het seuns 'n nuwe perspektief oor misdaad teen vroue en kinders in Suid-Afrika gegee. Jes help vroue en kinders wat verkrag of mishandel is om hul lewe weer te prober terugwen, en sorg dat die misdadiger veranwoording doen. Sy bied ook motiveringspraatjies aan en vertel mense van met haar eie traumatiese ervaring.



Jes Foord deel haar nagmerrie-ervaring. **Foto: Henry Galloway**

Sy en haar pa het op 2 Maart 2008 met hul honde by 'n dam in Durban, waar sy bly, gaan speel. Hul is toe deur vier mans aangeval en beroof en sy is deur die mans verkrag. Sy en haar pa het die voorval oorleef en die vier mans dien tans hul vonnisse uit. Op 'n vraag of sy alles weer sou kon ervaar, was haar antwoord ja. Sy sê dat wat met haar gebeur het aaklig is, maar as dit nooit gebeur het nie sou sy nie so 'n groot inpak op soveel mense se lewens kon gehad het nie. Die kern van haar boodskap is: dis lafaards wat vrouens verkrag en mishandel.

Mnr Barry Schutte voel dat net 'n lafaard 'n vrou sal mishandel,en dat iemand wat so iets doen nooit weer die sonlig moet sien nie. Kassel Rothman, graad 10 leerling sê: "Sy is 'n heldin en het my oë weer opnuut laat oopgaan oor misdaad teen vrouens in ons land". Sy het die seuns gevra om te staan as hul bereid is om toe te sien dat geen vrou ooit in hul teenwoordigheid mishandel sal word nie, en dat die regte van vrouens altyd sal seëvier.Die seuns het toe soos een man opgestaan.

Sy sê dat 'n mens nooit moet moed moet opgee nie; daar is altyd hoop en met die regte behandeling kan mens enigiets oorwin. "Saam kan ons die verskil maak," aldus mnr Schutte.

Die dapper jong vrou het met haar vasbeslotenheid 'n geweldige indruk gelaat.

**- Luan Reynders**







# Vakkeuses bepaal kritiese besluite

## Veranderlikes kan 'n geweldige rol speel in 'n leerder se toekomsplanne

Vakkeuses is dié belangrikste stap om 'n regte beroepskeuse te verseker. Ongelukkig is die meeste leerders in graad 9, wanneer die keuses gemaak moet word, nog onseker oor hul toekomstige beroepe.

Dit is egter 'n feit dat 'n klomp veranderlikes in 'n jong hoërskool-seun se lewe 'n groot invloed op die keuse van vakke het; om 'n paar te noem: groepsdruk, min tyd vir sport, keuse van die vak op grond van die onderwyser wat dit aanbied en die moeilikheidsgraad van die vak.

Wanneer leerders in graad 12 ernstig 'n studierigting moet oorweeg, kan dit dalk moontlik wees dat hulle in 'n moeilike situasie is omdat daar nie 'n noodsaaklike vak vir 'n bepaalde studierigting geneem is nie. Om dit reg te stel, kan tot 2 jaar neem om die vak by 'n kollege te voltooi.




Vakkeuses is veronderstel om sorgvuldig gekies te word volgens die profiel (belangstellings, aanleg en persoonlikheid); die toekomstige beroep en vermoë en prestasies. Een van die grootste keuses wat gemaak moet word, is tussen Wiskunde en Wiskundige geletterdheid. Leerders moet kennis dra van wat die vereistes van elke vak is, asook die deure wat elke vak sal oopmaak.

Wiskundige geletterdheid hou glad nie verband met "gewone" wiskunde nie. Dit word as die praktiese toepassing van wiskundige beginsels in die moderne wêreld gesien. Wiskundige geletterdheid ontwikkel die leerder se vermoë om alledaagse probleme numeries te interpreteer.

"Dit is 'n goeie vak vir leerlinge wat nie-wiskundige rigtings wil volg soos BA grade in MBW, Regte en B.Soc Sc," aldus voorligtingsielkundige me. Esta Hattingh.

Wiskunde verwys na die logiese en kritiese beredenering van probleme deur middel van bepaalde formules en redenasie. Wiskunde is gebaseer op die waarneming van sekere patrone en die berekening daarvan.

Statistieke is verkry vanaf die administratiewe afdeling t.o.v. vakkeuses: 14% van die graad 9's van 2012 het wiskundige geletterheid gekies teenoor 86% wat wiskunde gekies het. Gewildste nie-verpligte vakkeuse is Fisiese Wetenskap (68%) en Lewenswetenskappe (53%).

"We cannot always build the future for our youth, but we can build our youth for the future." Franklin D. Roosevelt

**- Ian de Villiers**

## SHORT NEWS

### Grey / Absa Academy is a beacon of light for many learners

Arguably one of mr Volsteedt's greatest achievements during his career as headmaster of Grey, was the founding of the Grey/Absa Academy.

This initiative was introduced in June 2006, as a partnership between Grey and Absa Bank. Teachers from previously disadvantaged schools were invited to identify the stronger learners in their classes, and these learners were then brought to Grey for a week during each school holiday.

The motivation was to expose these learners to a different variety of people, experiences and academic enrichment. They are accommodated in the school hostels, and these boys and girls are monitored and mentored by learners from Grey, Eunice, Sentraal and Oranje. The Academy has grown to two groups each of grades 9, 8 and 7 and they rotate classes according to a time-table which includes regular breaks.

Ms Verenie Albertse, English teacher feels that the excellent behaviour, co-operation and enthusiasm of the learners make this a mutually beneficial experience.

Monitor Naledi Mohapi says: "The friendships we make and the fact that you are actually doing something to help the less fortunate, are unbeatable."

**- Jedd Campbell**

# Wynberg High's gain implies the loss of a legend for Grey College

At the end of this year, mr Pierre Hugo is leaving Grey College to take uo a position at Wynberg Boys high school in Cape Town. His career of 26 years at Grey started in January 1987, and he eventually rose to the position of head of department for Economic and Management Sciences. He also served as a member of the school governing body for several years.

When he matriculated in 1979, he obtained full colours for academics, hockey and cricket and his history as an old Grey served him extremely well in terms of love for the school as well as the principle of adding value to everything he did. During his years at Grey he taught Accounting and excelled as coach for especially the first hockey and cricket teams. He was also actively involved in provincial hocket and cricket administration.

In particular, mr Hugo will be missed as colleague and friend. Mr Wessel du Plessis describes him as a person "who always aimed for fair play, in sports as in life." Grade 12 learner E.W. Viljoen believes that: "Mr Hugo was an excellent coach and I learned a lot from him – about life and about cricket." Stabilis wishes mr Hugo only the best for his future, and we salute this true Grey gentleman."

Ms Joanita Erasmus, who was appointed in 2011 as Mathematical Literacy teacher and teacher in charge of Indomitus also leaves Grey at the end of this year. She is returning to Fichardt Park high school. Stabilis wishes her well for her future - which includes her wedding early in January.

**- Luan Reynders**



Old Grey, Pierre Hugo greets his alma mater. **Photo: Henry Galloway**




# Oud-sportman maan leerders om vooruit te beplan

"Meer as 84% van professionele rugbyspelers in Suid-Afrika gaan dit moeilik vind om finansieël sterk te bly na hulle loopbaan in rugby". Dit was die woorde van voormalige provinsiale rugbyspeler en nasionale waterpolospeler Ross van Reenen in sy toespraak, tydens sy besoek aan Grey-Kollege vroeër die kwartaal.

Sy boek "From Locker Room to Boardroom" het statistiese getoon hoe voormalige rugbyspelers hulle ondervinding in rugby omskep het in besigheidsidees en konsepte, om 'n sukses te maak van hul lewens na hulle professionele loopbaan in sport.

Die glorie om rugby vir jou provinsie of land te speel is net tydelik; spelers moet nou al moet begin voorberei vir hul loopbaan en oorlewing na sport.

"Ek wil nie na my sportloopbaan besef dat ek 'n fout begaan het deur my studies agterweë te laat terwyl ek jonk was nie. Daarom gaan ek na skool terwyl ek rugby speel, my B-Rekgraad voltooi om te verseker dat ek finansieël myself kan steun", het die eerstespan stut Ruan Kramer gesê.

Die meeste hedendaagse rugbyspelers het egter nie voldoende vooruit beplan nie en kry baie swaar om te oorleef, terwyl die klein persentasie wat wel beplan het, baie goed doen.

Die antwoord op die vraag of rugbytalent omskep kan word in besigheidsukses, is JA, maar dan moet die beplanning reg wees. Daar moet altyd 'n loopbaanvooruitsig wees na rugby.

Ross van Reenen het ook al die Greyseuns aangemoedig om altyd hardwerkend te bly, sodat sukses altyd die lewenseindpunt moet wees. Hy het ook sy boek aan die skool geskenk.

**- Etienne Eksteen**

# Grey Boys bly getrou aan reputasie

## Boere-orkes behaal tweede nasionale oorwinning in opeenvolgende jare



Die Boere-orkes neem 'n blaaskans tussen repetisies. **Foto: Kempen Higgo**

Die Senior Boere-orkes, oftewel die Grey Boys was onlangs algehele wenners van die Nasionale Boeremusiekgilde-kompetisie, vir die tweede maal in twee opeenvolgende jare. Hulle leier, J.P. Neser is ook by hierdie hoedanigheid aangewys as die kompetisie se beste konsertina-speler. Hierdie uitstekende prestasies is maar net 'n paar van baie wat die orkes al sedert 2007 behaal; hulle was ook wenners van die 2008 Nasionale Uitvoerende Kunstefees en die 2009 Vrystaatse Jeudagkompetisie.

Die orkes bestaan uit J.P Neser, sy broer Bernie Neser, Fanus van der Walt, Ruan van der Vyver, J.J van der Berg en Ryno Steyn. Die feit dat hulle goed met mekaar oor die weg kom is 'n groot bydraende faktor tot hulle sukses.

Bernie sê: "Elke optrede is anders. Partykeer klap die mense nie eers vir ons hande nie. Maar dan kry jy daardie wat mal gaan sodra J.P. sy konsertina jol!" Dié tipe gehore is vir die lede die beste om voor op te tree, aangesien dit al die opslaan en latere wegpak van instrumente die moeite werd maak.

Hulle ervaar ook nie eintlik angs voor of tydens optredes nie; die eintlike spanning kom voor groot, nasionale kompetisies. Sodra die eerste noot geslaan word, verdwyn dit darem heeltemal en dit sorg tog vir opwindende optredes.

Volgens J.J. is hulle eintlik baie rustig in vergelyking met ander orkeste voor optredes. Maar indien die senuwees regtig pla, sê Ruan dat grappe die beste medisyne is.

**- Joshua Stevens**

## STACCATO

### Long live the boy band phenomenon



The original boy band - The Jackson Five. **Photo: Supplied**

Over the past few years, boy bands have become increasingly popular. Most of the bands have different styles, but they have mostly developed from the same roots.

The earliest form of boy band music developed in the late 19th century with the introduction of a capella barbershop quartets. These bands were usually a group of males singing in four-part harmonies.

The earliest predecessors of the boy band genre were groups such as The Osmonds, the Jackson 5 and The Monkees which helped form the template for boy bands. All members of the band were vocalists, a common aspect of a boy band, instead of having a front man and the rest on instruments. This was effectively so that no solo person dominated the stage.

Some managers in Europe soon created their own acts after being inspired by New Kids on the Block. The 90s saw huge development for boy bands such as the Backstreet Boys, Westlife and Boys II Men.

Currently, the top-selling boy band is the winning group of X Factor UK 2011 - One Direction. This probably confirms that boy bands will forever have a place in the music industry.

**- Joseph Barreto**

## Eksterne teorie-eksamens is perd van 'n ander kleur

Die afgelope kwartaal het talle leerders verskeie interne en eksterne musiekeksamens afgelê. Die musiekeksamens wat geskryf is behels slegs musiekteorie en word deur die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) geskryf. Leerders meen dat interne eksamens minder moeilik is en nie soveel voorbereiding behels nie. Die eksterne eksamens wat deur UNISA geskryf is, is, volgens leerders, 'n ander saak.

André Bellingan, graad 9 leerder wat onlangs graad 3 teorie geskryf het, meen dat die vraestelle op 'n baie goeie standaard is en dat dit nie op algemene kennis geskryf kan word nie.

"Heelwat voorbereiding is nodig," meen André. So 'n teorie-eksamen verg geweldig baie werk en voorbereiding van 'n leerder, met gepaardgaande insette en opofferings van die betrokke onderwyser.

Nog 'n graad 9 leerder, Willem Schutte het graad 4 teorie afgelê. Hy sê dat 'n jaar se toewyding en harde werk, noodsaaklik is en 'n groot deel van jou voorbereiding uit maak. "Die onderwysers speel 'n groot rol om ons as leerders voor te berei vir sulke eksamens," meen Willem. Mnr Christo van Rensburg, klavieronderwyser, kitaaronderwyser, violis, begeleier en verwerker is hoofsaaklik verantwoordelik vir hierdie voorbereiding.

Mnr van Rensburg is ook gemoeid met die inskrywings, opstel van interne eksamens en vir die voorbereiding van leerders vir UNISA prakties- en teorie-eksamens. Hy sê dat ekstra werk en die ure wat hy insit nie vir hom 'n las is nie; hy wil seker maak dat leerders gereed is om te skryf. Hy voel egter baie sterk daaroor dat leerders ook hulle eie kant moet bring. "Teorie is soos wiskunde. Dit moet deurlopend geoefen word," meen hy.

Mnr van Rensburg sê dat hy dit geniet om klas te gee en om met die leerders te werk. Leerders meen ook dat hulle uitsien na die jaar wat voorlê se werk en hoop dat volgende jaar net so suksesvolle jaar in die musiekdepartement sal wees.

**- Louis Schoonwinkel**



Grafika: Hanno du Preez

COPY
SCAN
PRINT
FAX
ONE MACHINE
FOUR FUNCTIONS
Tel: 051 446 2440
KONICA MINOLTA
ITEC
e-mail: chris@itec-bloem.co.za
e-mail: andrev@itec-bloem.co.za




# 'n 'Tabula Rasa' lê voor ons

Vollies. Mnr Grobbelaar. Mnr Hugo. 2012. Ons groet julle.

Nou is dit tyd om nuut te begin. Soms is dit moeilik om legendes te groet, om afskeid te neem van mense by wie mens so baie kon leer. Maar almal het sy tyd. Sy plek. Sy doel.


Soms moet ou lote gesnoei word, sodat nuwe bloeisels die lig kan sien. 'n Mens moet soms gesnoei word. Dit is dalk 'n diep-snydende en 'n pynlike proses, maar in die proses word mens gesuiwer en mens kom sterker uit. Mooier. Weer nuut.

Die proses behels egter dat mens die nuwe moet aanneem en voluit daarvoor moet gaan. Dit is soos om nuwe klere te dra en dit op te pas. Oppas dat dit vuil word. Oppas dat die jong bloeiseltjie beseer word. Dit is egter ook belangrik om nie te vergeet wat jy in die verlede geleer is nie.

Dit help ook nie as net die helfte nuut wil begin en dit ontvang nie. Heeltemal. Volkome. Voluit. Anders is die skoonheid nie volmaak nie. Die matrieks van 2013 het 'n keuse. 'n Reuse verantwoordelikheid. Om nuut te begin. Baie aspekte van 2012 laat veel te wense. Dinge wat nie eg Grey is nie. Dinge wat afgebreek het en dinge wat afbrekend was. Maar daar is nou 'n geleentheid om daarvan ontslae te raak. Dit weg te gooi en nuut te begin. Om ontslae te raak van die swaar kleed van onvergenoegdheid.

"Die oue is verby, kyk, die nuwe het gekom," lui die bekende vers. Dit is egter nie net so maklik nie. Inteendeel; in jou eie krag is dit onmoontlik. Harde werk asook dissipline is noodsaaklik. Dissipline. Ons as Grey roem so veel daarop. Soos ons skoolkapteins egter gesê het: 'Dis tyd om te begin doen. Praat is nie meer goed genoeg nie." 'n Nuwe begin is soms nodig. Orals. Ook by Grey.

Gaan ons opstaan en sáám hierdie groot verantwoordelikheid, hierdie massiewe taak met dissipline en as 'n span aanpak? Of gaan ons toelaat dat die wêreld ons aftrek en ons besteel, ons kéér om nuut te begin? Mnr Scheepers. Matrieks 2013. Ons kan.







## Standaarde word nog steeds gehandhaaf

Baie dankie vir nog 'n uitstekende en goed-gereëlde funksie op Vrydagaand 12 Oktober 2012.

Wat 'n voorreg om verbonde te kan wees aan die alma mater van die instelling van alle instellings.

Dra asseblief ook my gelukwense oor aan Vollies vir 'n puik toespraak. Sy geseënde, lang en uiters suksesvolle leierskap oor baie jare het sonder twyfel vir Grey baie beteken.

Mag mnr Deon Scheepers, die nuwe skoolhoof, dieselfde genade ontvang om Grey-seuns te bly inspireer vir baie jare as "gentlemen" wat 'n positiewe bydrae lewer waar hulle ook al gaan.

Grey bly steeds 'n unieke skool met unieke tradisies. Na meer as 150 jaar lyk dit vir ons as oud-Grey's asof die jongste generasie nog steeds besef waaroor dit gaan.

***Johann du Preez***

## Redaksielys 2012 / 13

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Pieterjan Eloff
**Subredakteur: Nuus**
Luan Reynders
**Subredakteur: Sport**
Jason Long
**Subredakteur: Diepte**
Daniël Steenkamp
**Subredakteur: Joernaal**
Reinhard Arndt
**Subredakteur: Kultuur**
Malan Bosman
**Hooffotograaf:** Hanno du Preez

**NUUSREDAKSIE**
Vuyani Ndzishe, Jedd Campbell, Ian de Villiers, Luan Nel, Johan Griesel, Etienne Erasmus, Charl Theron, Moeletsi Molemela

**SPORTREDAKSIE**
Armand Pretorius, Hugo Richter, Donovan Edeling, Gary Dykman, Kassel Rothmann, Julius Zerwick, Berno Maarsingh, Frans-Hendrik Badenhorst

**DIEPTEREDAKSIE**
Tshepa Seqebo, James Parsons, Keo Matshele, Matthew Barnard, Rohan Cloete, Albert Potgieter, Niel Bezuidenhout

**KULTUURREDAKSIE**
Joshua Stevens, Joseph Barreto, Louis Schoonwinkel

**JOERNAALREDAKSIE**
Naledi Mohapi, CF Marais

**KUNSTENAARS**
Darren LouwKent Campbell

**FOTOGRAWE**
Marchant Pienaar, Henry Galloway, Kempen Higgo, Johann Sonnekus, SJ Coetzee, Frans-Hendrik Badenhorst (vryskut)

# Nuwe skoolkaptein gesels openlik

## AJ Brits deel sy belangstelling en passies met die nuwe Stabilis redakteur




AJ en Pieterjan geniet Six Cokes voor die hoofgebou. **Foto: Hanno du Preez**

Gunstelinge
Stokperdjies: Jag en visvang
Kos: Braaivleis
Fliek: Goal
Liedjie: Het nie 'n spesifieke een nie, maar hou baie van Hillsong se liedjies.
Quote: "Never leave a person or a place having taken more than you have given..."
Rolmodel: Steven Gerrard en Roger Federer

*Wat laat jou die maklikste lag?*
Eenvoudige goed. Dit vat nie baie vir my om vir iets te lag nie.

*Hoe sou jy jouself in vyf woorde beskryf?*
Ek roem myself daarop dat ek vriendelik, opreg, standvastig en vol grappe is. Ek is nie 'n komplekse mens nie.

*Wat dink jy is die belangrikste dinge wat by Grey moet verander om 2013 'n sukses te maak?*
Ons sal moet besef dat die regte ding nie altyd die lekkerste ding gaan wees nie. Ouens wat nie op enige manier bydra tot die skool nie, of dit nou akademie, sport of kultuur is, sal moet loop en vir hul 'n ander skool soek, want Grey het in 2013 nie "sluipers" nodig nie. Soos Vollies altyd sê: "Accept the school that accepted you." Ooglopende goed soos respek en dissipline teenoor ouer persone is vanselfsprekend.

*Wat sou jy sê is die 'magic' van hierdie skool?*
Ek dink daar is baie goed wat saam die "magic" vorm. Die kinders, die samehorigheid, die saal, Vollies en die tradisies. Hierdie dinge is ononderhandelbaar en moet altyd deel van die skoolpsige bly.

*Watter dinge dryf jou in die lewe?*
My geloof, die ondersteuning van my vriende en net die feit dat ek so baie het om voor dankbaar te wees.

*Wat wil jy verder vir die skool oor 2013 sê?*
2013 sal 'n sukses wees as almal inkoop by wat ons as leiers probeer bereik. Positiewe houdings versprei positiewe gedagtes.

**- Pieterjan Eloff**

## Implementering van leerplan veroorsaak 'n gejaag in klasse

Die implementering van die CAPS-leerplan aan die begin van 2012 het baie ontwrigting vir beide onderwysers en leerders veroorsaak.

Die doel van die CAPS is om die onderrig vanaf gr.10 tot 12 meer gespesifiseerd te maak en die standaard oor die langtermyn te verhoog, sodat die gaping tussen skool- en naskoolse onderrig verklein kan word. Die gevolg is egter dat die hoeveelheid werk in baie vakke drasties vermeerder het.

Me Steffné Spies (wiskunde-onderwyseres) meen: “Onderwysers jaag deur die werk. Die werk word nie behoorlik by die leerlinge vasgelê nie. Die rede is dat daar te min tyd is.”

Die kwessie het ook ontstaan dat die gaping tussen graad 9 en 10 baie vergroot is. Behalwe vir die volume werk wat aansienlik meer is as in graad 9, is die standaard van die werk ook op 'n baie hoër vlak.

Die CAPS is egter met die doel ingestel om die standaard van onderrig te lig, en sodoende beter opvoeding te bied. Suid-Afrika se vlak van wetenskaplike onderrig het die afgelope paar jaar dramaties gedaal. Mnr Wikus van Zyl (wetenskap-onderwyser) het gesê: “Die CAPS het die potensiaal om meer doeltreffend as die vorige sillabus te wees, juis a.g.v. die praktiese deel daaraan. Fisiese wetenskappe is 'n praktiese vak.”

Die CAPS leerplan poog ook om leerders meer taalvaardig te maak, wat tot voordeel van die hele kurrikulum sal wees.

**- Niel Bezuidenhout**

# SKA maak van SA die oë van die wêreld in soeke na die onbekende

### Ekonomie word bevoordeel deur talle nuwe Karoo-werksgeleenthede



Grafika: Rohan Cloete

Twee aartsvyande op die sportveld, Suid-Afrika en Australië, het die bod gewen om die wêreld se grootste teleskoop en een van die grootste wetenskaplike projekte ooit te bou, naamlik die sogenaamde SKA (*Square Kilometre Array*). Suid-Afrika het die grootste deel van dié projek gekry.

Die reuse-projek van ongeveer 20 biljoen rand gaan sowat 80 km van Carnarvon in die Noord-Kaap gebou word. Die keuse het op dié area geval omdat dit aan die vereistes van 'n hoë en droë omgewing voldoen, en dit ook ver weg is van enige mensgemaakte elektronika en masjienerie.

Die projek gaan in twee fases aangepak word, waarvan die eerste in 2016 begin. Die Suid-Afrikaanse 64-skottel, die MeerKAT (*Karoo Array Telescope*), gaan 25% van hierdie fase uitmaak. Die tweede fase gaan gedurende 2019 en 2022 voltooi word.

Die SKA sal bestaan uit baie groot antennas wat aanmekaar verbind word deur optiese veselkabels. Die grootte en krag van duisende antennas versprei oor 3000 km, wat saamwerk as 'n virtuele instrument, maak dit baie spesiaal. Dit sal 50 keer meer kragtig en 10 000 keer vinniger wees as enige ander radioteleskoop wat tans op aarde in gebruik is.

Die data wat deur die SKA in 'n 24-uur-periode versamel word, sal byna 2 miljoen jaar neem om terug te speel op 'n iPod en die rou data wat versamel word, sal 15 miljoen iPods van 64 GB vol maak. Die sentrale rekenaar van die SKA sal die verwerkingskrag van 'n honderd rekenaars hê.

Die optiese veselkabels wat gebruik word, kan 2 keer om die wêreld gaan. Die skottels sal 10 keer die huidige wêreld se internetverkeer kan verskaf.

Hierdie projek sal vir Suid-Afrika talle werksgeleenthede bied op die wetenskaplike-, ingenieurs- en tegnologievelde, wat tot voordeel sal wees vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. Met die huidige stadige groeikoers sal dit baie welkom wees.

**- Rohan Cloete**

# Wikipedia deemed unreliable by many

Wikipedia is a non-profit website that has articles in 285 languages and has over 23 million articles, of which around 4 million are in English. It is the most popular and prevalent reference source on the internet. However, these statistics are not necessarily true as they are from an allegedly unreliable source - Wikipedia.

According to an article on Wikipedia “almost all the articles can be edited by anyone who has access to the site” and “the open nature of Wikipedia has led to various concerns, such as the quality of writing, the amount of vandalism and the accuracy of the information. Some articles contain unverified or inconsistent information.” Students at certain universities are not permitted to use Wikipedia as a source for their tasks because it is opinionated and allegedly unreliable.

The benefit of the site is that it has allowed millions of people to get information from one place free of charge, and there are administrators who make sure that there aren't an excessive amount of mistakes in the articles. However, it is difficult to make sure that 23 million articles don't have inaccurate information. In addition Wikipedia says, “We do not expect you to trust us.”

Casper Schutte in grade 12 says: “Wikipedia credited the creation of dub-step to the South African singer Kurt Darren,” and he doesn't think it is trustworthy.

Wikipedia has helped many a scholar to do their tasks by allowing them to get information. There are some protected articles on the site that can't be edited by everyone but the majority of sites can be edited by anyone. This can be good in the sense that articles then include many different opinions.

The main problem with learners using Wikipedia is that many students use it as their only source of information while the site doesn't regard itself as a primary source of information.

It is possible to cross-reference Wikipedia articles on other websites. Mr Paul Potgieter said, “I would recommend Wikipedia to anybody but especially to learners at school level, as I think it is an excellent source of information.”

It is also possible to verify Wikipedia information from other sources.

**- Matthew Barnard**



Graphics: Matthew Barnard

# Privileges should not be artificial

As they walk under the Old Bell and become Old Greys, the school bodes farewell to the matrics and prefects of the year. This is also the day the grade 11's have been waiting for since they commenced their secondary school career in grade eight.

This is the day they are approved as the leaders of the school and thus receive their privileges as matrics. The matric privileges have been looked at as the “rights” they receive as the seniors of the school. Some boys believe the privileges were made to teach respect amongst the boys for older students.

The rules like avoiding certain grassed areas, not being allowed to walk between the halls and having to greet matrics are just ways of showing respect to them as the seniors of the school and the leaders of the school. Mikaelin Pillay (grade 9) believes, “The privileges are what we look forward to about being in matric. The matrics have pressure to keep the school performing well, so they derserve these privileges.”

While most students respect the matrics' privileges, others believe the matrics may abuse them and if they are not given limits they might do as they please. An anonymous learner believes, “If there are no boundaries to what the matrics can and cannot do, their rights might go to their heads and they'll become arrogant.”

**- Keorapetse Matshele**



# New approach vital for discipline

## Policy of new headmaster aims to address repetitive infringements



Large class sizes complicate discipline and make the job of teachers more difficult. Photo: Frans-Hendrik Badenhorst

We are all aware that Mr Volsteedt is leaving at the end of this year. During his tenure, Grey College became a multi-racial, multi-cultural school in 1993 and because of his style of leadership he will not be forgotten: "Volsteedt is our hero, he shall not be moved."

When one door closes, though, another door will open; Mr. Scheepers, Grey College principal for 2013, is establishing a new policy for discipline. Hopefully, these new rules will improve the school's discipline.

"A few factors contribute to lack of discipline in some areas, namely large class numbers, negative peer pressure and a general lack of drive for excellence among learners. The drive for excellence is an intrinsic quality that has to be developed from a young age. I believe if learners realize the legacy of the school and the responsibility they carry in being a Grey gentleman, the discipline will vastly improve", states Mr Naresh Mahabeer, English teacher.

Ms Chris-Marie Liebenberg says that bunking is one of the biggest problems we have because it results in learners missing important work.

All this is obviously bad news, but focusing on the negatives will not solve anything. The school will have to move forward with a positive attitude and solutions to the problems. In order to rectify the situation, a number of teachers, along with Mr Scheepers, came up with new punishment measures.

Mr Scheepers' disciplinary policy does not allow for ill-disciplined scholars. The punishments include detention on Fridays after school, on Saturdays should the Friday detention be skipped and expulsion from school. Depending on the circumstances, learners could face suspension from playing sports and going on tours. Crimes will be handled by the police; these include incidents of underage drinking and smoking.

**- Tshepa Seqebo**

# Huge impact of Volsteedt family will always be felt in corridors

Mr André Kenné Volsteedt was headmaster at Grey College from 1960 to 1968 after starting his teaching career at Grey in the early 1940's where he taught history and geography, he then became housemaster in Brill House and later Leith House.

He was the promoted to vice-principal under Mr J.M.B. Faure. He not only coached the u/15 rugby side but also lent a hand with helping the athletes.

Mr A.K. Volsteedt had many ideas that gave rise to modern Grey College, from the centenary book in 1955 which he worked on with assistance from Danie Marquard, he also suggested the idea of the Grey museum which appeared about 40 years later, he also suggested that Grey boys should wear their blazers and ties when leaving the school grounds, at school and for hostel boys when returning to the grounds.

Mr Ewie Cronjé an old Grey and ex-educator at Grey said that "Mr A.K. Volsteedt very quickly established himself in true Grey tradition. He was a magnificent story teller, great speaker and a fantastic motivator of the boys" One of Mr A.K. Volsteedt's famous sayings was "whatever you do it must be done in the true interest of Grey College."

The Volsteedt family has truly left its mark on the history of Grey College. Mr A.K. Volsteedt often referred to Grey as his "School of our love and pride".

The impact of the Volsteedt family will always form part of the history of Grey College.

**- James Parsons**

Royal Hunting Safari's Africa
Tel: 057 899 1113 · Sel: 082 561 4995
e-mail: rhsafaris@yahoo.com
Trotse borg van die Cherries




# Museum veranker skool se trotse verlede

Reeds in 1964 het die destydse skoolhoof, mnr A.K. Volsteedt, aan die plaaslike koerant gesê dat Grey die volgende jaar 'n museum sou open. Presies 41 jaar later, op die skool se 150ste verjaardag, is die museum geopen.

"'n Noodsaaklikheid vir 'n skool met so 'n ryke geskiedenis!", sê mnr Johan Volsteedt, wat ook skoolhoof was gedurende 2005. Die Museum is amptelik geopen tydens die Stigtersdag-vieringe in 2005. Daar bestaan geen twyfel dat dit enig in sy soort as 'n skoolmuseum is nie.

Die kuratrise van die Museum, me Estie Rossouw, sê: "Die Museum is sonder twyfel op sy besigste op Stigtersdag. Daarom word daar museum-prefekte aangestel om te kyk dat alles glad verloop."

Joubert van Zyl, een van die museumprefekte, sê dat dit deel van hul werk is om gedurende pouses en interskole seker te maak dat niemand iets in die Museum eet of drink nie. Stephan Hansen meen dat die Museum belangrik is vir veral oud-Grey's. Dit bring die herineringe terug aan hul skooldae en alles wat toe gebeur het.

Mnr Volsteedt sê dat hy gereeld ouers en voornemende leerders deur die museum neem.



Grey se Museum is enig in sy soort. Foto: Argief

Hy het graag foto's van beroemde skrywers soos Ettienne Leroux en Lourens van der Post aan hulle uitgewys. Me Rossouw sê: "Mense is baie beïndruk met ons skool en sy geskiedenis. Dit impliseer dat ons museum-komitee, wat bestaan uit me. Greyvenstein, me Fourie, me van Wyk, me Roos en mnre Wessels en Volsteedt uitstekende werk doen om mense bewus te maak van ons skool se trotse en omvangryke geskiedenis.

Mnr Volsteedt sê: "Agter elke item is daar 'n storie." Dit beteken dat daar 157 jaar se stories in die Museum lê. "Dit is wat Grey uniek maak," sê Joubert van Zyl. Volgens hom is daar maar min skole wat met Grey kan kompeteer as dit by die geskiedenis van die skool kom.

**- Albert Potgieter**

# New era to encourage a culture of positivity in all facets of the school

You must lead the change you want to see in everyone you deal with




When we think of great schools in the world we automatically think of Grey College. This is because the school's history, traditions and culture have shown that this school deserves that position.

Part of the school's strength lies in its history and traditions, which is why Grey College will never ignore its own history. However, change can never be ignored.

With the new prefects elected and the new principal ready to fill very big shoes, positive changes are expected to take place. The new prefects are already hard at work, showing the intent that next year is the year for seriousness. New committees have been established within the prefects namely the orientation, cultural, sports, grounds, discipline and T committees.

Discipline will also to be seriously attended to, with new rules for those scholars who are " thirsty" and don't represent the school in a positive way. The prefects mean business. The matric class of 2013 has many expectations, and has promised not to disappoint. Many people looking at the 2013 class to be the greatest – as promised by the 2013 head boys.

This all starts with one person. Many individuals make a team and a unit is only as strong as its weakest link, which is why the focus for next year is people. If people can buy into the changes and the school's way of operating, it won't be difficult to move forward in a positive way.

A machine with many components works well if all the parts are taken care of and are well oiled, and the school will be a well oiled machine next year.

Mr Volsteedt's legacy will remain and what he has taught the school, will always be implemented at Grey. His words to the 2013 prefects were: "The school should never be complacent, and accept a negative status quo. Instead one should always strive for positive change." Dam water becomes dirty because it is stagnant, but river water always flows and is fresh and clean. We must never stagnate; the College will always train noble citizens.


The 2013 leaders in the stride towards renewal. Photo: Hanno du Preez

## 'Taken' se held veg voort teen booswigte in nuwe drama

*Genre: Aksie*
*Regisseur: Olivier Megaton*
*Telling: 8/10*

Hoeveel teëspoed kan een familie moontlik hê? Duidelik genoeg vir een trefferfliek – *Taken* – en wat die direkteur waarskynlik hoop 'n trefferopvolger sal wees, *Taken 2*.

In *Taken* speel Liam Neeson die rol van Bryan Mills, 'n sekuriteitskundige en voormalige CIA-agent. Sy dogter Kim word tydens 'n vakansie in Parys saam met haar vriendin ontvoer.. Dit raak 'n eenman-operasie om 'n sindikaat wat handel dryf met menselewens, op te spoor, binne te dring en sy dogter se lewe te red.

In *Taken 2* is dit nou reeds 'n paar jaar later, en Bryan is nou op 'n gereelde basis betrokke sy dogter se lewe; trouens, hy is besig om haar te leer bestuur. Hy het ook nou 'n beter verhouding met sy eks-vrou, Lenore, en nooi vir haar en Kim om by hom aan te sluit in Istanbul sodra hy klaar is met sy volgende opdrag.

Terselfdertyd is die pa van een van die mensehandelaars wat Bryan in Parys doodgemaak het op sy spoor in Istanbul. Hy is daarop uit om wraak te neem op Bryan en sy plan sluit in om Bryan se dogter en eks-vrou dood te maak terwyl Bryan toekyk – en daarna vir Bryan keelaf te sny. Maar soos Neeson-aanhangers sowel as diegene wat Taken gesien het, weet – niemand mors met Liam Neeson as die held van'n aksieriller nie.

*Taken 2* bied nie dieselfde element van verrassing nie, maar verstaan presies hoe om die gehoor se aandag te trek. En dit werk.

**- Reinhard Arndt**

# Swedish supergroup to visit South Africa soon




I recently heard the best news. It's official - Swedish House Mafia (SHM) is coming to South Africa in January 2013. But with all good news there has to be a little bad news. To millions of fans this isn't only a little bit of bad news, but a catastrophe.

After their "One Last Tour" SHM are calling it quits. The members Sebastian Ingrosso, Axwell, and Steve Angello are all going their separate ways after an amazing run. Each is a revolutionary DJ in his own right and individually or combined, they are a force to be reckoned with.

Start typing 'Swedish' into Google and immediately House Mafia pops up. It's no real surprise. They are, after all, Sweden's biggest export and the pride of the nation. I mean, this is the group that brought us *Greyhound, Antidote, Miami 2 Ibiza* and *One*, to name a few. At least they are ending on high note. Their latest single *Don't You Worry Child* is currently number one on the US dance singles chart. Once again – it's no real surprise.

They released their last compilation album *Until Now* on 22 October- and it has Swedish House Mafia written all over it. However, Swedish House Mafia's strength has and always will be live performances.

South Africans have one last chance to see these icons of the music world. Swedish House Mafia's debut in South Africa is also unfortunately their last. The performances won't exactly be *Tomorrowland*, but the trio have a reputation for stepping up their live shows to the next level.

One thing is sure: true fans will still pursue the members' inevitably successful solo careers. With all the talent they have, they are bound to rock the world. "We came, we raved, we love" – Swedish House Mafia.

***Carpe Diem,***
***Dr Grey***



HOBBIT
BOUTIQUE HOTEL
ESTABLISHED 1993
★ ★ ★ ★

SPESIALE NAWEEKAANBOD
R600 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.



# Rickus verwerf nasionale kleure

## Protea-skut besef dat deursettingsvermoë en harde werk noodsaaklik is



Rickus Nel, het Suid-Afrika in Augustus in Londen verteenwoordig. **Foto: Verskaf**

Rickus Nel, 'n kranige jong skut van Grey, het hierdie jaar sy Protea-kleure verwerf nadat hy aan 'n aantal kwalifiserende kompetisies moes deelneem. Daarna het hy deurgedring na 'n nasionale kompetisie in Kimberley, waar hy verkies is om deel uit te maak van 'n gekose groep van 12 skuts wat in 2013 in Amerika gaan deelneem aan 'n internasionale kompetisie.

Daar word met spesiale luggewere "PCP air rifles" geskiet wat spesifiek vir teikenskiet gemaak is. Dié gewere werk met saamgeperste gas en skiet 'n loodkoeëltjie teen sowat 700-900 voet per sekonde. Hulle is dus uiters akkuraat.

Daar word met spesiale gaatjie-visiere (nie teleskope nie) oor 'n afstand van 10 meter geskiet. Dit is dus 'n groot uitdaging om 'n kolskoot op die klein teiken van ongeveer 45mm uit 'n sittende, staande en lêende posisie te skiet.

Om hierdie hoogtes te bereik verg baie tyd, oefening en deursettingsvermoë. Rickus se oefenprogram is baie straf, aangesien hy vier ure per dag van Maandag tot Donderdag op die skietbaan deurbring. Hy beweer dat dit aanvanklik duur is om te begin omdat die aankoop van die spesiale geweer die grootste uitgawe is.

Rickus beoefen dit as 'n buitemuurse sport vanaf Graad 7. Hy het eers by Jim Fouché skiet geneem en daarna het hy by Sentraal se skietklub aangesluit.

Rickus meen dat dit 'n jammerte is dat Grey nie meer skiet as sport aanbied nie, aangesien daar soveel belangstelling is.

**- Frans-Hendrik Badenhorst**

## RESULTS

### Interschools Cricket Grey vs St David's

ST DAVID'S MARIST INANDA

**FIRST TEAM**
St David's scored 139 all out
Grey scored 140 for 2
Grey won by 8 wickets

**SECOND TEAM**
Grey scored 149 all out
St David's also scored 149 all out
Match tied

**/16A TEAM**
Grey scored 348 for 5
St David's scored 126 all out
Grey won by 222 runs

**THIRD TEAM**
Grey scored 396 for 8
St David's scored 61 all out
Grey won by 335 runs

**/15A TEAM**
St David's scored 209 all out
Grey scored 212 for 4
Grey won by 6 wickets

**/15B TEAM**
St David's scored 121 all out
Grey scored 122 for 5
Grey won by 5 wickets

**/15C TEAM**
Grey scored 273 for 8
St David's scored 112 all out
Grey won by 161 runs

**/14A TEAM**
Grey scored 264 for 4
St David's scored 47 all out
Grey won by 215 runs

# Krieket verbeter met elke wedstryd na 'n swak begin

Die eerste krieketspan het die afgelope kwartaal by verskeie toernooie en interskole deelgeneem. Die toernooie was die St. Davids T20 toernooi in Johannesburg en die Michaelmas-toernooi in Pietermaritzburg. Die resultate was nie puik nie, maar dit het verbeter toe die seisoen se einde begin naderkom het.


By St. Davids het hul eerste wedstryd teen KPT ('n uitnodigingspan) ongelukkig uitgereën; op die tweede dag het hulle teen Pretoria Boys High met 5 lopies verloor. Op die derde oggend het hulle teen St. Alban's, van Pretoria, met 5 paaltjies verloor en die middag teen Affies (Pretoria) met 4 lopies verloor. Op die laaste dag het die span teen St. Andrews, van Grahamstown, ongelukkig met 2 paaltjies verloor. "Al het dit nie so goed gegaan soos wat ons gehoop het nie, was dit 'n baie suksesvolle toernooi waar ons baie geleer het," het Hanco Olivier, 'n graad 11-leerder en nuwe onderkaptein van die eerste krieketspan, gesê.

By die Michaelmas-toernooi het die span baie beter gevaar. Hulle klop vir Westlake, 'n toerspan van Nieu-Seeland, met 6 paaltjies en vir St. Charles, van Pietermaritzburg, met 10 paaltjies. Hulle wen ook vir Glenwood met 23 lopies en vir Northwood, ook van Durban, met 89 lopies. "2013 gaan 'n baie lekker krieket-jaar wees as ons tot die beste van ons vermoëns gaan speel en dit net geniet," het Hanco ook gesê.

"Ons het baie harde werk wat voorlê en uitdagings wat vir ons wag. Ons sal elke geleentheid wat na ons kant toe kom saam as 'n span tot volle moet benut," sê Christian Steyn, ook 'n graad 11-leerder en nuwe kaptein van die eerste krieketspan.

**- Donovan Edeling**




# Waterpolospelers gooi nog nie die handdoek in nie

Die vierde kwartaal was, soos gewoonlik, 'n baie besige kwartaal vir die skool se waterpolospanne, met verskeie toere wat na alle dele van die land onderneem is.

Die o/14's het aan die toernooi by Rondebosch in Kaapstad deelgeneem. Die o/15's was ook in Kaapstad, maar by Wynberg. Die o/18-span het aan twee toernooie deelgeneem – een by SACS in Kaapstad en die ander een by St Stithians in Johannesburg.

Die hoogtepunt van al hierdie toernooie was die vertoning van die o/14-span by die toernooi in Rondebosch. Mnr Flos Pretorius, hoof van waterpolo, sê: "In die kwarteindrondte het die o/14's met slegs een doel teen Jeppe verloor. Indien hulle dié wedstryd gewen het, kon hulle derde of vierde in die toernooi eindig." Uiteindelik eindig hulle sewende, na 'n puik oorwinning met twee doele oor die sterk span van St Albans.

Op pad na die kwarteindrondte behaal die o/14-span goeie oorwinnings van 9-1 oor Northwood, 6-0 oor St Peters en 'n gelykop-uitslag van 5-5 teen Affies van Pretoria. Mnr Pretorius sê: "Die junior spanne se sterk punt is hulle sterk swemmers. Indien hulle hul balvaardighede kan opskerp kan hulle vorentoe uitstekend presteer."

Die eerstespan het by die St Stithians-toernooi agtergekom dat daar nog 'n lang pad gestap sal moet word voordat met die grotes saamgesels kan word. Na 'n goeie oorwinning van 5-3 oor Kloof, het die span vasgeval teen Durban High School (6-8), St Stithians (2-14), King Edward (7-8), St Davids (6-9) en Crawford College (4-7).

Mnr Pretorius voel dat daar nog baie gedoen kan word om waterpolo by die skool 'n hupstoot te gee. Meer blootstelling kan verseker dat meer kinders by die sport betrokke kan raak. Hy sê ook: "Die spanne moet op 'n deurlopende basis teen sterk spanne in 'n liga kompeteer." Plaaslik is dit nie bereikbaar nie, want min skole in Bloemfontein lê klem op waterpolo as 'n sport.

**- Armand Pretorius**



Die hardwerkende waterpolospan in aksie. **Foto: Johann Sonnekus**

# Eerste tennisspan klop nou hard aan die deur van groter sukses

## Vasberade spelers mik om Paul Roos se ystergreep op titel te verbreek

Een van die hoogtepunte van die jaar op die Grey tenniskalender is die Grey-Absa Tennistoernooi, waaraan agt van die land se topskole deelneem: Paul Roos Gimnasium, Paarl Boys High, Afrikaans Hoër Seunskool van Pretoria, Pretoria Boys High, St Stithians, Kearsney College, Hoërskool Waterkloof asook Grey Kollege.

Gedurende die pas afgelope Grey-Absa Tennistoernooi wat plaasgevind het gedurende Oktober 2012, het die Grey-tennisspelers hulle uitstekend van hul taak gekwyt.

In die uitspeelrondtes het Grey teen Paul Roos Gimnasium 5-4 verloor, maar kort daarna 7-2 met Paarl Boys High afgereken. Hierdie oorwinning het duidelik die span van Grey gemotiveer, want hulle het met 'n telling van 8-1 met Pretoria Boys High klaargespeel.

In die semi-finaal het Grey vir Affies 5-2 geklop, maar hulle moes ongelukkig egter die knie buig teen die span van Paul Roos Gimnasium in die finaal. Die telling was 5-2. Grey Kollege het dus tweede in die toernooi na Paul Roos Gimnasium geëindig.

Mnr. Naresh Mahabeer, onderwyser in beheer van tennis, sê dat hierdie toernooi 'n baie gesogte asook moeilike toernooi is. Dit verg baie konsentrasie en uithouvermoë van die spelers, want die enkelspel-wedstryde word oor 3 volle stelle beslis.



Theo Ferreira, nommer 1-speler, in aksie by die toernooi. Foto: Henry Galloway

Mnr. Mahabeer sê ook dat hy baie trots op Grey se span is. Dit is nog 'n jong span; sommige van die spelers is in graad 8 en 10 vanjaar, so hulle het baie goed rekenskap van hulself gegee. Hy is vol vertroue dat hierdie span nog baie goed gaan doen, want die talent en die ywer bestaan in die span.

Theo Ferreira, die nommer een-speler van Grey se eerste tennisspan, sê dat die span se doelwit is om te verbeter en die greep wat Paul Roos Gimnasium op die toernooi het, te breek. Grey se tennisspan is vasberade om dié toernooi volgende jaar wen.

Die volledige uitslae van die toernooi kan langsaan geraadpleeg word.

**- Julius Zerwick**

### UITSLAE

Grey College ABSA Tennis Tournament

ABSA

**Round Robin**

First team vs Paul Roos lost 4-5

First team vs Paarl Boys High won 7-2

First team vs Pretoria Boys High won 9-0

**Semi-final**

First team vs Affies won 5-2

**Final**

First team vs Paul Roos lost 2-5

**First team best players of the tournament**

| | |
|---|---|
| Alexis du Toit | Best no. 2 |
| Leboeuf Bloem | Best no. 5 |
| Hubert Badenhorst | Best no. 6 |

**Final standings of the tournament**

| | |
|---|---|
| 8 | Kearsney College |
| 7 | Hoërskool Waterkloof |
| 6 | Paarl Boys High |
| 5 | Pretoria Boys High |
| 4 | St Stithians College |
| 3 | Afrikaans Hoër Pretoria |
| 2 | Grey College |
| 1 | Paul Roos Gimnasium |

# Balans tussen aktiwiteite onder soeklig


Volgende jaar begin daar 'n nuwe era by Grey. Mnr Deon Scheepers begin in 2013 sy loopbaan as die nuwe skoolhoof van Grey Kollege. Die vraag op almal se lippe is: hoe gaan hy die balans handhaaf tussen sport, akademie en kultuur?

As 'n mens na sy CV kyk, sien jy dat hy self 'n gebalanseerde mens is deurdat hy op skool goeie rugby gespeel het en daarna meer as een graad verwerf het. Deur na hierdie voorbeeld te kyk, kan 'n mens voorlopig aflei dat hy dieselfde beginsels by Grey sal toepas.

Me Louisa Vlok, een van die onderwyseresse by Grey, het die volgende te sê: “Soos elke mens sy idee oor sport, akademie en kultuur en ook al die fasette van die lewe het, sal mnr Scheepers verseker ook sy eie idees hê. Ek glo dat hy 'n positiewe bydrae sal lewer en sport tot verdere hoogtepunte sal voer.”

Sy meen ook dat mnr Scheepers nie sport negatief sal benader nie, maar eerder sal bou op bestaande strukture. Daarom is dit gerusstellend om te weet dat hy die goeie waardes en tradisies wat mnr Volsteedt gehandhaaf het, sal laat voortleef.

Daar is verskillende opinies oor die rol wat sport by Grey speel. Party dink dat sport nie net 'n gesonde leefwyse bevorder nie, maar ook bydra tot die gees en die tradisies van die skool. Ander dink weer dat sport die akademie en die kultuur oorheers. Mario Vieira, 'n Grey-leerder in graad agt, sê: “Die kultuur soos byvoorbeeld die koor kry baie aandag, want hulle woon al die interskole by en hulle het ook hulle afsonderlike toere. Dan is daar ook die musiekfees.”



Daar word gevoel dat ondersteuning vir sportaktiwiteite meer aandag geniet as vir enige ander aktiwiteite. Foto: Henry Galloway

Oloff Paul, ook 'n graad 8-leerder, dink weer dat sport, veral rugby, die meeste aandag geniet. “Ek glo darem dat mnr Scheepers 'n goeie balans sal handhaaf en net die beste vir die skool sal doen.”

Die algemene gevoel is egter dat die skool enig in sy soort is. Grey is een van baie min skole wat nog altyd daarin kon slaag om 'n gesonde balans tussen verskillende aktiwiteite te handhaaf.

**- Hugo Richter**

# Martin stoei hard vir sy goues

"Goue medaljes is nie rêrig gemaak van goud nie. Hulle is gemaak van sweet, vasbeslotenheid en iets wat moeilik is om te vind, naamlik 'guts'." Een mens wat kan saamstem met hierdie aanhaling, is Martin van Niekerk.

Martin, 'n graad 11-leerder, het in Julie 2012 aan die Afrika stoeikampioenskap in Antananarivo, Madagaskar, deelgeneem. Martin het goud verwerf vir seuns o/17 in sy gewigsafdeling. Met hierdie oorwinning het hy uit die stryd getree as die Afrika-kampioen vir 2012.

"Ek stoei al vandat ek vyf jaar oud is. Die titel is dus nie iets wat oornag gebeur het nie; dit gaan gepaard met jare se harde werk om dan so jou doelwit te bereik", vertel Martin.

Martin het die eerste plek op die Suid-Afrikaanse ranglys beklee en het so vir die kampioenskap gekwalifiseer. Sonder enige moeilikheid het hy die uitdunrondtes kafgedraf. Aan die einde van die uitdunrondtes het daar drie stoeiers oorgebly en uit hierdie stoeiers sou die goud-, silwer- en bronsmedaljes beslis word.

Martin het die eerste stoeier op punte gewen en die die tweede stoeier het hy met 'n val geklop. Martin het bygevoeg: "Die titel was my doelwit al vandat ek as nege-jarige vir die eerste keer Vrystaat-kleure verwerf het. As ek raad aan enige iemand kan gee, is dit: Geen mens is ooit te oud of te jonk om jou drome na te jaag en te bereik nie. Gaan voluit want jy weet nooit wanneer jy weer die kans sal kry nie."

**- Berno Maarsingh**


MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN
24-UUR NOODSENTRUM 0800 051 051
ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.
KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

# Beter baan maak van hardloop 'n plesier

## Opgradering van Vrystaatse atletiekstadion maak beste tye moontlik



Bennie Prinsloo is 'n baie belowende middelafstand-atleet. Foto: Frans-Hendrik Badenhorst

Aan die begin van Oktober het die skoot geklap, nie net om die nuwe atletiekseisoen vir Grey aan te dui nie, maar ook om atlete van oor die land heen af te sit op die nuwe baan van die Vrystaat Atletiekstadion.

Die jaarlikse Grey Kollege / Oranje Meisieskool Clover-atletiekbyeenkoms was die amptelike opening van die nuwe, verbeterde Vrystaat Atletiek-stadion. Hierdie stadion is pas teen 'n koste van R 10 miljoen opgeknap tot 'n klas 1-baan.

Luan Reynders, een van Grey se top-atlete, het gesê dat die baan voor die opgradering in 'n swak toestand was en dat veral die wegspringplekke aandag nodig gehad het. " Dit is nou egter net 'n plesier om daar te hardloop." Baie atlete het ook hul persoonlike beste tye op dié baan verbeter.

Dit was die 13de keer dat die Clover- atletiekbyeenkoms aangebied is en soos in die verlede, was dit die room van Suid Afrika se tradisionele atletiekskole wat meegeding het. Die blote feit dat skole soos Paul Roos Gimnasium, Affies van Pretoria, Outeniqua van George en vele meer jaarliks met groot moeite hier teen Grey kom deelneem, is merkwaardig.

Puik prestasies is tydens dié byeenkoms behaal. Die Grey-atlete het 10 goue medaljes ingepalm, waarvan 7 alleen in die hekkies-nommers was. LJ Van Zyl, Suid-Afrika se top hekkies-atleet, is 'n oud-Grey. Is Grey Kollege nie besig om die land se hekkiesfabriek te word nie?

Hannes Reynecke, een van net ses atlete wat 'n goue tweekuns op die dag kon behaal het, sê dat die ekstra wip wat die nuwe tartan verleen, hom gehelp het om sy treë tussen die hekkies makliker in te kry.

**- Kassel Rothmann**

# Unique sporting event held in high regard

Run, run as fast as you can; you can't catch me - I'm a Grey College man. Grey's very own Bennie Prinsloo (winner of the senior division) would surely have beaten ...the gingerbread man.

On the 12th of October 2012 during the past vs. Present celebrations, Grey College held a street mile consisting of a 1,6km run that started in front of Brill House and ended at the Main Building.

The winner of the junior division, Heimar Christ, said that, "It was better organised than in previous years and that it was a great honour being called up to the stage during assembly."

Earlier during the day there was another street mile, where all Grey College boys had to run in order to get (qualify for) their traditional donut and Coke. Johannes Bester, a grade 8 learner, said, "It was pleasant running the mile, and I'm looking forward to running it next year."

There cannot be many schools in the country where competition (on a friendly basis) between past and present learners is held in such high regard. This does not come as a surprise, however, because it has been going on for more than a century.

This special day originated in the 1880's, when the Old Boys played cricket against the 'Present' boys for the very first time. Since then the day has grown in stature, including more and more activities.

Throughout the day many sports were played between Grey College present and Grey College Old Boys. The 1st hockey team did exceptionally well, beating the Old Boys 5 - 2. Playing for the Grey Old Boys was an ex-South African representative, PG Geldenhuys. Grey College Old Boys won 4 - 3 against the second team.

Mr Dixie Dykman, the head of hockey, said, "It was a great success and we are looking forward to next year."

During the cricket match, the traditional highlight of the day, the Grey Old Boys stepped forward and batted first, scoring 241 runs in 61 overs. Sachintha Galhenage, took three wickets in 12 overs for 69 runs.

Vasili Orros took two wickets in 15 overs for 55 runs. The Present team then batted and were 171 after 46 overs. Hanco Olivier made 47 (not out), the game ending in a draw.

**- Gary Dykman**

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Official sponsor of Grey Sport
Clover
It's all you need

BlackBerry Curve 8520 Smartphone
+BlackBerry Internet Service
+R135 Airtime Value PM
Includes BlackBerry Internet Service valued at R1416
Available from only
R175* PMX24
On Top Up 135
Per Minute Billing Only. *Terms & Conditions apply.
For full Terms & Conditions please visit vodacom.co.za . E&OE
3 Collins Road
Westdene
Bloemfontein
051-447 2000
vodacentre
vodacom